

5. ENKELE OUDIO-VISUELE HULPMIDDELE

5.1 Inleiding

Coetzee beweer dat die mens 'n wese is wat graag wil sien en as hy van iets of iemand hoor of lees, wil hy dit ook graag sien. 'n Juiste portret openbaar iets besonders wat nie deur lees of hoor gedoen kan word nie. Dit prikkel die belangstelling, verhoog die onthou vermoë en verskaf die geleentheid tot kennisverryking. Dit ontwikkel ook die verbeeldingsvermoë van die kind en gee gestalte aan vae idees wat die kind oor 'n saak of persoon het. Hierdie verskynsel in die onderwys word aanskouingsonderwys (of oudio-visuele onderwys) genoem.¹⁾

"The association of Social Studies teachers of the city of New York" beskou die oudio-visuele verskynsel as 'n onderwysmetode wat gedurende die twintigerjare op die voorgrond getree het as 'n "... useful function in bringing the outside world into the classroom through the media of sight and sound and serve to make the learning situation real, a major goal in good teaching".

1) COETZEE, J.C.: Geskiedenis-onderwys. Hulp=middele. Het Christelik Schoolblad, Januarie 1921, p. 6.

Dit skakel die tradisionele teksboekmetode uit deur iets wat die kind kan sien, hoor of beluister. Die bioskoopfilm, filmstrokies, radio, grammofoon, bandopnemers en die oorhoofse projektor is apparaat wat by oudio-visuele onderwys gebruik kan word.²⁾

Lacey, professor in Opvoedkunde aan die "Indiana State Teachers College" beskryf visuele onderwys as 'n "... device which provide concrete, visual experience to the learner for the purpose of introducing, building up, enriching, or clarifying abstract concepts developing desirable attitudes, and stimulating further activity on the part of the learner". Hy klassifiseer "motion pictures" en "still pictures" as apparaat wat by hierdie onderwys gebruik word.³⁾

Volgens Dorris is oudio-visuele onderwys "... one of the strongest methods of promoting natural learning and the proper motivation of the pupil's

2) THE ASSOCIATION OF SOCIAL STUDIES TEACHERS OF THE CITY OF NEW YORK. A handbook for Social Studies teaching", pp. 127-33.

3) LACEY, J.M.: Teaching the Social Studies in the elementary school, p. 55.

efforts; and in visual aids she finds the most efficient instrument wherewith to bring vividness and concreteness to the child in his attempts to learn." 4)

Ander Amerikaanse opvoedkundiges van die twintigste eeu, soos Dent⁵⁾ en Branom,⁶⁾ het hulle by die vorige beskouing in verband met oudio-visuele onderwys en die hulpmiddele wat daarby gebruik word, aangesluit. Hulle het verder poneer dat nieteenstaande die doeltreffendheid van oudio-visuele onderwys, die onderwyser se plek deur geen bykomstige hulpmiddel vervang kan word nie.

5.2 Skoolradiodienste

5.2.1 Die eerste skoolradiodiens in Suid-Afrika

Met die ingebruikneming van die Kaapstadse radio-stasie in 1930, is onder andere bekend gemaak dat die radio ook in diens van die onderwys gestel sou word. Teen dié tyd was die radio reeds in ver-

4) DORRIS, A.W.: Visual instruction in the public schools, p. V.

5) DENT, E.C.: The Oudio-visual handbook, p. 23.

6) BRANOM, F.K.: The teaching of Social Studies in a changing world, p. 133.

skeie oorsese lande vir die onderwys beskikbaar, met die gevolg dat die Kaapse Onderwysdepartement in staat gestel is om - indien nodig - uit die ervaring van ander lande te leer. Dit het dan ook gebeur dat die Britse skoolradiodiens 'n nuwe fase ten opsigte van skooluitsending alhier te= weeggebring het, veral ná die besoek van Hankin, die Londense skoolinspekteur, aan Suid-Afrika in 1934.⁷⁾

Die Kaapse sender is van belang omdat Kaapland aanvanklik (1930) metradio-uitsendings aan skole oor die Unie begin het, en omdat die radioprogram= me vir al die provinsies daar saamgestel is.⁸⁾ Buite-invloede op radio-uitsendings vir Trans= vaalse primêre skole het dié skole inderdaad met 'n ompad (deur Kaapstad) bereik.

5.2.2 Die skoolradiodiens in Engeland

5.2.2.1 Die beheer en organisasie van die Britse skoolradiodiens

7) MALHERBE, E.G.: Educational adaptations in a changing society, p. 149.

8) SCHLEBUSCH, T.E.: Die radio in die skool. Die Kristelike Skoolblad, September 1934, p. 20.

In Engeland is die skoolradiodiens beheer deur die "Central Council for School Broadcasting" - 'n liggaam wat die "British Broadcasting Corporation" van deskundige raad en advies in sake skoolradiolesse voorsien. Op haas elke terrein van die vakonderwys, byvoorbeeld Engels, Aardrykskunde, Geskiedenis, Musiek, Vreemde Tale en Natuurwetenskap, is vakkomitees saamgestel om doeltreffende skoolradio-uitsendings te verseker. Hierdie komitees voorsien die leerstof, beveel uitsaaipersone aan en ontwerp die lestoepassingsaktiwiteite.⁹⁾

5.2.2.2 Die Britse skoolradioles

Die Britse skoolradioles word as 'n aanvullende onderwysmiddel beskou by die bestaande sillabus vir elke vak. In Geskiedenis word die kind se verbeelding gestimuleer deur 'n beskrywing van die maatskaplike lewe van die verskillende tydperke, asook van opvallende gebeurtenisse. Persone wat lewendig, gevoelvol en meevoerend voor die mikrofoon kon optree, onderneem die werk. Op die wyse word daar probeer om 'n verband tussen die verlede en die hede te soek en om te

9) Ibid., p. 21.

verseker dat die radioles die beoogde doel dien. Leerstof moet eenvoudig en begryplik uiteengesit word - hetsy in storievorm, gesprek, dramatisering of debattering. Na die les volg die klasbespreking onder leiding van die onderwyser. So word die leerlinge tot verdere ondersoek of navorsing in die biblioteek gemotiveer, waardeur die kind hom onafhanklik kan inspan om iets tot stand te bring. Hierdie metode moedig die leerlinge tot selfwerkzaamheid aan en laat hulle feite ontdek waarvan hulle onbewus was. Dit maak van die radio 'n stimulerende faktor in die skoollewe van die kind en dra veel by tot sy persoonlikheidsontwikkeling.¹⁰⁾

Volgens Hankin word die radio in die Britse onderwys as 'n kragtige hulpmiddel beskou. Dit leer die kind om intelligent te luister, dit bevredig sy nuuskierigheid, skep nuwe idees en kennis en verryk so sy verstand. In Engeland is skoolradio-uitsendings 'n weeklikse instelling, volgens Hankin.¹¹⁾ Die radio bring 'n nuwe klank in die klaskamer op 'n geleë tyd, wanneer leerling en

10) Ibid., p. 23.

11) HANKIN, G.T.: Film and radio aids in education. In MALHERBE, op. cit., pp. 149-153.

onderwyser miskien verveeld of gefrustreer is. Deur middel van die radio word die kind in staat gestel om sinvolle begrippe te vorm waaroor hy kon dink, gesels, redeneer en skryf.¹²⁾

Die gebruik van die skoolradiodiens in die Britse primêre skole is nie verpligtend nie. Radiolesse word deur middel van pamflette wat aan skole versend word, toegelig en deur onderwysers gereël. So word slegs nuttige, doelgerigte en opvoedkundig opbouende programme voorberei en aangebied om uiteindelik gelukkige, vrye landburgers in 'n demokratiese lewenstelsel te verseker.¹³⁾

5.2.3 Britse beïnvloeding op die skoolradiodiens in die Transvaalse primêre skool

5.2.3.1 Reaksie van die T.O.D.

Die T.O.D. is stellig deur Hankin beïnvloed want pas ná die voordrag van sy lesing op die N.E.F.-konferensie te Johannesburg in 1934, is 'n "Adviserende Komitee oor Radiodienste vir Skole"

12) Ibid., p. 151.

13) Ibid., p. 153.

die volgende jaar deur die Departement benoem om die moontlikhede van die skoolradiodiens, amptelik te ondersoek. Die verslag van die komitee was belowend: uitsaaipraatjies kon groot opvoedkundige moontlikhede vir die skooljeug inhou; indien doeltreffend aangewend, kon hierdie moderne hulpmiddel die leerling verstandelik verryk en hom in voeling met die buitewêreld bring; dit kon nuwe atmosfeer in die skoollokaal skep, maar moes nie langer as 20 minute duur nie en mag nie die plek van die onderwyser inneem nie.¹⁴⁾

5.2.3.2 Radio-uitsendings vanaf Kaapstad in 1935

Vanaf die eerste kwartaal van 1935 is skoolradiolesse op 'n georganiseerde grondslag uit Kaapstad aan skole van die vier provinsies uitgesaai. Elke provinsie het oor 'n "Adviserende Komitee" beskik - 'n soort "waaksaamheidskomitee" - wat sy belange moes behartig en wat die "Afrikaanse Uitsaaidiens-Maatskappy Bpk." van raad en advies moes bedien in sake skoolradio-aangeleenthede.¹⁵⁾ Hierdie prosedure van uitsending toon duidelike ooreenkoms met die Britse stelsel en moet onder

14) T.O.D.: Jaarverslag, 1935-12-31, pp. 189-90.

15) Redaksionele artikel, Die Kristelike Skoolblad, Januarie 1935, p. 33.

die onderhawige omstandighede as beïnvloeding beskou word.

Die uitsendings uit Kaapstad het dan ook duidelik volgens die Britse patroon geskied: radiolesse is toegelig met aantekeninge wat in die Kaapse provinsiale pamflet, "Die Onderwysgaset", opgeneem is. Skole wat van die radiodiens gebruik gemaak het, het eksemplare ontvang sodat leerlinge die aantekeninge kon raadpleeg onderwyl die radio-praatjie gelewer is. Net soos die oorsese gebruik, is praatjies oor verskeie belangrike onderwerpe aangebied soos Musiekwaardering, Sosiale Studies, Godsdiensonderwys, Aardrykskunde, Geskiedenis, Natuurstudie en Higiëne.¹⁶⁾

By die skole wat van radio-uitsendings gebruik gemaak het, was dit 'n gewilde installing. Steeds meer skole het daarvan gebruik gemaak, sodat die Onderwysdepartement die skoolradiostelsel bestempel het "... as 'n belangrike faktor in skoolonderwys"¹⁷⁾ - 'n stelling wat ook deur Hankin met betrekking tot die Britse skoolradiostelsel gemaak is.

16) Die Onderwysgaset van die Kaap die Goeie Hoop, 6 Januarie 1955, pp. 2-3.

17) T.O.D.: Jaarverslag, 1935-12-31, p. 39.

Vanaf 1935 was die skoolradiodienst in die Transvaalse primêre skole in 'n proefondervindelijke stadium. Die T.O.D. wou bo alle twyfel die waarde daarvan vir die onderwys vasstel. Radiodienst was derhalwe 'n fakultatiewe instelling - presies soos die Britse stelsel wat reeds 'n gevorderde stadium bereik het. Die werk moes voortgaan en daar moes na inhoud en metode gesoek word. In die lig van hierdie omstandighede kon daar verwag word dat beskikbare materiaal gebruik sou word. Dit is dan ook presies wat gebeur het. Na aanleiding van die Britse voorbeeld is skoolvakke as "radio-inhoud" betrek: Afrikaans as Tweede Taal, Engels as Tweede Taal, Musiekwaardering, Aardrykskunde en Natuurkennis. Die metode was vier twintigminutelesse per week, terwyl onderwysers versoek is om vraelyste ná die lesse te voltooi vir terugsending aan die Superintendent van Skooluitsaaiers te Kaapstad. Aspekte wat in die vraelyste beklemtoon is, het weer op Britse beïnvloeding gedui; die gehalte van die radiokommentator moes bepaal word, inhoud en toepassing van die leerstof moes geëvalueer word, die houding en gesindheid van die leerlinge moes verstrek word en die gehalte van die ontvangs moes beskryf word. Pamflette wat die lesse toegelig het, is aan skole versprei; sommige was paslik geïllustreer. Leerling en onderwyser het groot baat by die uitsendings gevind, maar net soos in

die geval van die Britse skoolradiodiens, was die bedoeling geensins die uitskakeling van die on=derwyser in dié proses nie.¹⁸⁾

5.2.3.3 Die bevindinge van die Transvaalse Pro= vinsiale Onderwyskommissie van 1937

Hierdie Kommissie het in sy verslag gerapporteer dat hy homself deeglik vergewis het van die radio as leermiddel in oorsese lande.¹⁹⁾ Volgens die Kommissie het die waarde van skoolradio-uitsendings geleë in die stimulerende invloed op die leerlinge, die uitskakeling van eentonige isolasie van af=geleë plattelandse skole, bevordering van korrek=te uitspraak veral in 'n tweetalige land soos Suid-Afrika, en die moontlikheid om leerlinge intelligent te leer luister en konsentreer.²⁰⁾ Die gees van hierdie beweringe openbaar Britse beïnvloeding, veral in die lig van die volgende stelling van die Kommissie: "Uit ervaring in hierdie en ander lande het reeds duidelik geblyk dat daar sekere beveiligings is wat by die in=

18) Redaksionele artikel, Die radio in die skool, Die Kristelike Skoolblad, Januarie 1935, p. 33.

19) Verslag van die Transvaalse Provinsiale On=derwyskommissie, 1937, par. 595.

20) Ibid., par. 596.

voering van die radio in die skool toegepas moet word" - bedoelende dat die radio nie die plek van die onderwyser kan inneem nie, maar slegs as doeltreffende hulpmiddel moet dien. Die kennis wat leerlinge deur middel van die radioles sal opdoen, moet produktief in skoolwerk en die lewe aangewend word²¹⁾ - 'n oogmerk wat ook deur Hankin uitgespreek is.

5.2.4 Die skoolradiodiens in Transvaal, 1939-1960.

Die T.O.D. het die bevindinge van die Nicol-kommissie in 1939 aanvaar en skoolradio-uitsendings amptelik ingestel.²²⁾ Met hierdie besluit het die Onderwysdepartement die implementering van die radiodiens in die Transvaalse primêre skole volgens die Britse stelsel bevestig. Die radiodiens is deur die Kaapse radiosender uitgesaai en die T.O.D. het daarvoor betaal.²³⁾ Die radio-programme is in die Kaapse Onderwysgaset gepubliseer met goedkeuring van die onderwyshoofde van die vier provinsies van die Unie van S.A.²⁴⁾

21) Loc. cit.

22) T.O.D.: Jaarverslag, 1939-12-31, p. 29.

23) T.O.D.: Jaarverslag, 1953-12-31, p. 29.

24) Vgl. Die Onderwysgaset van die provinsie van die Kaap die Goeie Hoop.

Die programme wat by die sillabusse aangepas is - 'n duidelike Britse beïnvloeding - is kwartaal-
liks uitgegee en die wyse van aanbieding toon dat die Britse gebruik nagevolg is. Ter staving van hierdie bewering word 'n enkele voorbeeld uit die skoolradio-aantekeninge vir die tweede kwartaal, 1955, geneem. Dit handel oor "Die riviere van ons land" (Aardrykskunde) met Hein Wicht en Juliet König as "radiokommentators". Die eerste les - "Die Oranjerivier" - word onder drie sub-
hoofde aangebied, tw. "voorbereiding vir die les" (oriëntering), "inhoud" (feite en foto), en "opvolging van die les" waar die kind sy nuutver-
worwe kennis moet toepas om iets waardevols tot stand te bring.²⁵⁾

Die stelsel is in 1960 nog steeds op die wyse voortgesit, wat 'n aanduiding is van die doel-
treffendheid van die radio vir die skole - ongeag die oorsese beïnvloeding. Hierdie moderne hulp-
middel het die skoolkind deegliker toegerus vir sy lewenstaak en daarom moet die beïnvloeding waardeer word.

25) Die Onderwysgaset van die provinsie van Die Kaap die Goeie Hoop, 24 Maart 1955, no. 9, pp. 630-2.

5.3 Filmonderwys

5.3.1 Die bewegende prent in die onderwys

Met die geleidelike ontplooiing van die Nuwe Onderwysbeweging gedurende die twintigste eeu in die westerse wêreld, het dit vir opvoedkundiges duidelik geword dat psigologiese en pedagogiese idees wat as grondslae vir die nuwe bedeling gedien het, goed op weg was om die toets van die tyd te deurstaan. Die onderwys en opvoeding het op bykans alle terreine hierby gebaat. Die modernisering van die onderwysmetodiek het ook vernuwing in klastegnieke meegebring en met verloop van tyd het nuwe denkrigtings en idees op onderwysgebied steeds aangegroei. Insgelyks het die moderne opvoedkundiges hul aandag begin bestee aan "... another new classroom procedure ... popularly known ... as visual instruction".²⁶⁾

Reeds in 1922 het Freeman, 'n Amerikaanse opvoedkundige, beweer dat groot moontlikhede in die film as onderrigmiddel opgesluit lê.²⁷⁾

26) DORRIS, op. cit., p. 4.

27) FREEMAN, F.N.: Research versus propaganda in visual education, pp. 257-66.

Terselfdertyd het Weber vasgestel dat leerlinge tot 50% beter deur visuele waarneming leer as deur die gewone verbale medium. Hy het gevind dat die bewegende prent (film) verreweg die doeltreffendste leermiddel was omdat dit vir die kind iets nuuts en iets besonder was.²⁸⁾

Rulon, 'n Amerikaanse opvoedkundige wat 'n besondere studie van hierdie onderwys hulpmiddel gemaak het, het beweer dat "... the motion picture may possess fitness; it may be in itself the superior technique by which to present to the learner information to be acquired or events to be experienced".²⁹⁾

Die film is hoofsaaklik vir skoolvakke gebruik, byvoorbeeld Geskiedenis, Aardrykskunde, Natuurkennis, Sielkunde, Natuurwetenskap en Landbou. Verder was die films gewoonlik nie langer as 15-18 minute vertoon nie om die beste konsentrasie van die leerlinge te verseker. Die sterkste opvoedkundige voordeel van die film - aldus Rulon, is dat dit die kind tot selfondersoek en studie stimuleer, dat hy geestelik en verstandelik ver-

28) WEBER, J.J.: Visual aids in education, p. 213.

29) RULON, P.H.: The sound motion picture in Science teaching, p. 2.

ryk word en dat die kind se begripsvermoë ver= breed word, sodat hy beter kan verstaan en ont= hou.³⁰⁾

Dent het eweneens die rolfilm as onderwysulp= middel beklemtoon, maar die feit benadruk dat onderwysers met die inhoud vertrouwd moet wees en dat hierdie doeltreffende hulpmiddel nie die onderwyser in die klas mog uitskakel nie.³¹⁾

5.3.2 Die filmstrokie

Vanaf 1920 is die 35 mm-filmstrokie reeds in verskeie skole in die V.S.A. met groot sukses gebruik. Vandaar is dit tesame met die rolfilm na Europese lande versprei, w.o. na Engeland. Die strookfilm is 'n baie doeltreffende hulp= middel vir die bekendstelling van leerstof wat met die sillabus in verband staan. Die sukses van 'n vertoning hang af van 'n bespreking of ver= duideliking van die inhoud vooraf, om die leer= linge te oriënteer. Vertonings word gewoonlik twee of drie keer herhaal om deeglike insig te

30) Ibid., p. 5.

31) DENT, op. cit., p. 105.

verseker.³²⁾

5.3.3 Die rolfilm in die Britse onderwys

Hankin het met sy besoek aan Suid-Afrika in 1934 die voordele van die rolfilm as doeltreffende onderwys hulpmiddel sterk beklemtoon, aangesien groot welslae reeds daarmee in die Britse onderwys behaal is. Volgens Hankin gryp die rolfilm die verbeelding van die kind aan, boei hom en bevredig sy nuuskierigheid. Wanneer handboeke verouderd, verslete, oninteressant en nutteloos word, en die onderwyser afgemat en moeg, bring die rolfilm op 'n geleë tyd 'n nuwe klank, nuwe idees, nuwe kennis en nuwe metodes in die klaslokaal.³³⁾ Hankin het nadruklik beweer dat die inhoud van die films by die peil van die leerlinge moes aanpas. Daarin sou die opvoedkundige waarde opgesluit lê, want films word nie as blote ontspanningsmateriaal beskou nie, maar as middele wat 'n hele handboek of gedeelte daarvan bevat, sodat die leerlinge met kennis toegerus kon word. Daarom moes die taalgebruik, inligting, dialoog,

32) Loc. cit.

33) HANKIN, op. cit., p. 150.

genot, skoonheid en ordening van die leerstof in die film van goeie gehalte wees. In 'n film oor Aardrykskunde moes slegs mense vertoon word wat die moeite werd was om te sien, want deur die film moes die leerlinge se smaak verfyn word. Die leerlinge moes verder uit die film leer om te waardeer, krities te kies en die mooie en skone raak te sien.³⁴⁾

5.3.4 Oorsese beïnvloeding op visuele apparaat in die Transvaalse primêre skole

5.3.4.1 Invoering van oorsese rolfilms

Die Nicol-kommissie van 1937, wat onderwysaangeleenthede in Transvaal ondersoek het, het in sy verslag onder andere bevestig dat daar 'n dringende behoefte in Transvaalse skole bestaan om die rolprent as onderwys hulpmiddel te gebruik. Die Kommissie het hierdie stelling gemaak na aanleiding van die sukses wat in oorsese skole daarmee bereik is en bygevoeg dat 'n soortgelyke voordeel ook plaaslik moontlik kon wees.³⁵⁾ Hieruit blyk

34) Ibid., pp. 152-3.

35) Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie van Transvaal, 1937, pare. 594-9.

dit duidelik dat die bevindinge van die Nicol-kommissie deur die oorsese praktyk beïnvloed is.

In dieselfde jaar het die T.O.D. gerapporteer dat oorsese dokumentêre films, geskik vir gebruik in skole, deur die "Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing" van Amerika en Engeland ingevoer gaan word. Hierdie films sou die bestaande sillabusse in die skole aanvul, veral ten opsigte van Musiek, Aardrykskunde, Natuurkennis, Gesondheidsleer, Sport en Ontspanning - presies soos die gebruik in Amerikaanse skole.³⁶⁾

Benewens die bogenoemde reëling het die privaatsektor ook vanaf 1937 16 mm-rolprentfilms ingevoer en aan skole beskikbaar gestel, aangesien verskeie Transvaalse primêre skole reeds oor "rolprentstelle" beskik het. Firms soos "The African Consolidated Films, Ltd." en "The South African and Educational Film Services" het rolprentmateriaal verskaf.³⁷⁾ Die volgende is slegs enkele voorbeelde van ingevoerde, opvoedkundige films: "Händel" (Musiek), "The string choir"

36) Departementele omsendbrief no. 8 (dl. III) van Februarie 1937, p. 156.

37) Meegedeel deur B.J. Venter, hoof van die T.O.D. se Oudio-visuele afdeling.

(Musiek), "Choosing your vocation" (Voorligting), "The volley" (Tennis), "Development of transportation" (Geskiedenis, Aardrykskunde), "Dashes, hurdles and relays" (Sport of Gimnastiek).³⁸⁾

5.3.4.2 Oorsese beïnvloeding op filmliteratuur

Die T.O.D. het teen 1940 nog nie oor 'n eie rigtinggewende filmliteratuur beskik nie. Aanskuwingsonderwys was nog in die beginstadium en daarom was primêre onderwysers op die beskikbare buitenlandse literatuur aangewese.³⁹⁾

Die Amerikaanse, Britse en Nederlandse opvoedkundiges - maar veral die eersgenoemde - het reeds die konstruktiewe aanwending van die film in hul onderskeie primêre skole uitgetoets. Daarom is dit logies dat die plaaslike gebruik van die film spesifiek die oorsese metodiek en tegniek moes toepas. Hulle ervaring was immers in boek- of geskrewe vorm beskikbaar en uitgetoets, veral in die werke van Rulon,⁴⁰⁾ Dent⁴¹⁾ en Dorris,⁴²⁾

38) Redaksionele artikel: Onderwysblad, Februarie 1940, pp. 18-9.

39) Verslag van die Transvaalse Provinsiale Onderwyskommissie, 1937, par. 595.

40) RULON, op. cit., pp. 2-5.

41) DENT, op. cit., pp. 23-105.

42) DORRIS, op. cit., pp. V-4.

asook in die Britse tydskrif "Sight and Sound", wat vryelik in Suid-Afrika beskikbaar was.⁴³⁾

B.J. Venter, vanaf 1959 hoof van die T.O.D. se afdeling Oudio-visuele onderwys, bevestig die beïnvloeding van die bogenoemde literatuur en beweer dat onderwysers deur sy toedoen aange=moedig is om hierdie hulpmiddel volgens genoemde werke in skole aan te wend.⁴⁴⁾

5.3.4.3 Metodes om die film as visuele hulp= middel te gebruik

In die Transvaalse primêre skole moes die onder= wysers die film volgens 'n bepaalde beproefde metode gebruik indien sukses behaal wou word. Afhangende van die doelstellings sou die metode wissel volgens onderstaande oogmerke:

- ✱ die doel wat beoog word,
- ✱ die standerd wat die film moes besigtig,
- ✱ die voorafgaande behandeling van die onder=

43) British film institute: Sight and sound, vol. 7, no. 26, p. 92.

44) Meegedeel deur B.J. Venter, hoof van die T.O.D. se Oudio-visuele afdeling.

werp deur die onderwyser⁴⁵⁾ - almal aspekte wat deur die genoemde oorsese opvoedkundiges neergelê is.

5.3.4.4 Die aantal vertonings

Die oorsese gebruik om die film aan leerlinge gemiddeld drie keer te vertoon, is ook in die Transvaalse primêre skole toegepas, hoofsaaklik om die volgende redes wat weer eens oorsese beïnvloeding toon:

- * vir algemene oriëntering, gevolg deur bespreking en verduideliking, leeswerk in die biblioteek om die inhoud beter te verstaan en te verstewig;
- * vir noukeurige waarneming gevolg deur die nodige toetsing;
- * om te dien as algemene oorsig, sodat leerlinge kan vasstel of hulle toetsvrae korrek beantwoord is.⁴⁶⁾

45) Redaksionele artikel: Metodes om die film as onderrig-hulpmiddel te gebruik. Onderwysblad, Julie 1940, p. 25.

46) Loc. cit.

5.3.4.5 Intelligensie en belangstelling

By die vertoning van films moes daar rekening gehou word met die intelligensie en belangstelling van die leerlinge. Daarom was vooraf bekendstelling noodsaaklik. Nuwe woorde moes verklaar, hoofpunte moes beklemtoon en slegs geskikte leerstof moes vir vertoondoeleindes gekies word. Verder moes daar toegesien word dat die film by die omgewing van die kind aanpas, waardeur sy belangstelling geprikkel en sy begrip gestimuleer sou word. 'n Film oor miere sou meer waardeur word as die leerlinge hulle kennis vooraf in die biblioteek oor die onderwerp opgeknip het. Die volgende ingevoerde Amerikaanse films sou die belangstelling in Natuurstudie aanwakker: "Plant growth", "Roots and plants", "Leaves", "Seed dispersal".⁴⁷⁾

5.3.5 Buite-invloede op onderrigmetodes ná die filmvertoning

5.3.5.1 Bespreking na filmvertonings

Die metode wat in die Transvaalse primêre skole

47) Ibid., p. 26.

voorgeskryf is, was dié van 'n klasbespreking ná die vertoning van 'n film. Belangrike punte kon herbeklemtoon of verder toegelig word as daar onduidelikheid was. Die bespreking word deur die onderwyser gelei en vind onder sy toesig plaas. Sy teenwoordigheid was noodsaaklik en dui weer eens daarop dat die hulpmiddel nie die onderwyser moes uitkakel nie. Hierdie Amerikaanse gebruik is feitlik net so oorgeneem.

5.3.5.2 Die produktiewe aanwending van die nuwe kennis

Een van die oorsese gebruike was die produktiewe aanwending van die nuwe kennis wat die leerling uit 'n filmvertoning verkry het. Dieselfde reaksie is van die Transvaalse primêre skoolkind verwag, wat op onbetwisbare beïnvloeding toon. Die film moet op so 'n wyse vertoon word dat die nuwe kennis wat die kind opdoen, produktief en positief aansluit by reeds bestaande kennis, sodat die leerling se kennis vermeerder word. Indien dit kon gebeur, sou die film inderdaad 'n opvoedkundige hulpmiddel wees.⁴⁸⁾

48) Ibid., pp. 46-7.

5.3.5.3 Hersieningsoefening

Die waarde van die film lê ook in die feit dat dit 'n besonder geslaagde hersieningsmetode is - 'n aspek wat reeds deur Britse en Amerikaanse opvoedkundiges aangetoon is. Die feit dat oorsaak, verwickeling en gevolg vinnig bymekaar gebring kan word, het die kind in staat gestel om 'n deegliker globale beeld van 'n bepaalde onderwerp te vorm. Gevolglik kon leerlinge hul eie aantekeninge, opstelle of beskrywings makliker afrond. 'n Geslaagde filmvertoning sou leerlinge altyd motiveer om self verdere ondersoek in die biblioteek te doen, met die gevolg dat die skoolbiblioteek nuttig gebruik kon word. Op hierdie wyse sou die kind se kennis gaandeweg uitbrei en sy persoonlikheidsontwikkeling versker word.⁴⁹⁾

5.3.5.4 Die produktiewe gebruik van die film as onderwys hulpmiddel

'n Tydige waarskuwing is aan plaaslike onderwysers gerig teen moontlike foute wat in die onderwysmetodes kon insluip en waarvan oorsese onderwysers

49) Ibid., p. 27.

ervaring opgedoen het. Die verband tussen die film en die les waarop dit betrekking sou hê, moes as 'n eenheid verseker word. In hierdie geval is die tussenkoms van die klasonderwyser weer eens van kardinale belang. Die persoon wat sy leerlinge en die leerstof ken, moes daarvolgens die korrekte keuse maak. 'n Ontoepaslike film sou slegs aanleiding tot frustrasie by die leerlinge gee en nie die tyd wat dit in beslag neem, regverdig nie. Weens die prikkelende aard van die film as sodanig, behoort verskillende films nie op dieselfde dag vertoon te word nie. Dit sal afbreuk doen aan die goeie resultaat wat met 'n oorspronklike aanbieding behaal is. Slegs een, besondere aspek (met die nodige onderdele) moet op 'n keer behandel word, sodat die leerling die onderlinge verwantskap tussen die verskillende feite deegliker kon begryp. Dit weerspieël ook die stellings van oorsese opvoedkundiges, wat daarop aangedring het dat 'n vertoning meer as een keer herhaal moet word. Die leerling van die primêre skool is nog nie daartoe in staat om alle feite tydens een vertoning te assimileer nie. Herhaaldelike vertonings sou ook die gehalte van opstelle, spreekwerk, waarnemings, verwysings en ander

lestake verhoog.⁵⁰⁾

5.3.6 Oorsese projektors in Transvaalse skole

'n Direkte gevolg van die implementering van audio-visuele onderwys in die Transvaalse primêre skole, was die aankondiging deur die T.O.D. dat film- en strookprojektors op die R-vir-R-stelsel deur skole aangekoop kon word. Aangesien daar geen plaaslike toestelle beskikbaar was nie, is projektors uit Amerika, Engeland en Duitsland ingevoer en deur plaaslike verspreiders aan skole beskikbaar gestel.⁵¹⁾ Hierdie stap het daartoe gelei dat 'n kursus in die opvoedkundige en meganiese gebruik van die klank- en stilprent deur die T.O.D. ingestel is. Geleentheid is aan onderwysstudente en diensdoende onderwysers gegee om die kursus by te woon.⁵²⁾

Hierdie verskynsel moet as 'n positiewe oorsese beïnvloeding beskou word. Vir die eerste keer in die onderwysgeskiedenis van Transvaal kon

50) PITOUT, M.J.: Aanskouingsonderwys. Onderwysblad, Februarie 1951, pp. 19-20.

51) Departementele omsendbrief no. 8 (dl. III), Februarie 1937, p. 156.

52) T.O.D.: Jaarverslag, 1939-12-31, p. 29.

onderwysers hulle op die hoogte stel van die werking van ingewikkelde, gevorderde optiese apparaat. Dit het nie net aan die onderwysers persoonlike verheldering gebring nie, maar ook daartoe bygedra om die primêre onderwys te moderniseer en om die kind met moderne hulpmiddels te laat kennis maak.

5.3.7 Filmoteke

In 1950 is oudio-visuele onderwys reeds permanent in Transvaalse primêre skole gevestig. Die T.O.D. het dan ook alle skole aangemoedig om hul eie filmoteke op te bou, waar veral strookfilms geberg kon word.⁵³⁾ Laasgenoemde kon van plaaslike verspreiders of van die Onderwysfilminstituut van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap op die R-vir-R-stelsel aangeskaf word.⁵⁴⁾ Om die gebruik van oudio-visuele apparaat in skole op 'n georganiseerde grondslag te plaas, is 'n nuwe pos in die T.O.D. geskep en is J.R. Lynch in 1955 benoem as eerste tydelike Opsier van Aanskouingsonderwys.⁵⁵⁾ Hy is in

53) T.O.D.: Jaarverslag, 1950-12-31, p. 29.

54) T.O.D.: Jaarverslag, 1952-12-31, p. 26.

55) T.O.D.: Jaarverslag, 1955-12-31, p. 22.

1959 deur B.J. Venter in 'n permanente hoedanigheid opgevolg. Die invloed van die oorsese onderwys hulpmiddelshet dus gunstige uitbreiding te weegbring, wat 'n groot bate vir die primêre onderwys was deurdat bekwame voorligting tot sy beskikking gestel is.

5.3.8 Plaaslike vervaardiging van films

Die geslaagde gebruik van die oorsese strook- en klankfilm het plaaslike inisiatief aange wakker om self die maak van fotografiese af drukke op strokiesfilm te onderneem. Sedert 1958 is geslaagde werk gelewer en het die aanvraag van plaaslik vervaardigde films gestyg. Vir die eerste keer was die inhoud van strookfilms eg Suid-Afrikaans en saamgestel om die eie behoeftes doeltreffend te bevredig.⁵⁶⁾ Die ervaring wat uit oorsese voorbeelde opgedoen is, kon paslik aange wend word. In hierdie geval het die oorsese audio-visuele hulpmiddel dus 'n prysenswaardige uitwerking gehad. Oor alle onderwerpe van die skoolcurriculum is gepaste films vervaardig. Teen 1960 kon onderwysers uit 'n wye keuse 'n film-aankoop of aanvra wat die leerstof van 'n

56) T.O.D.: Jaarverslag, 1958-12-31, p. 23.

beoogde les doeltreffend kon aanvul.

Teen 1959 het die gebruik van oudio-visuele apparaat by 'n verskeidenheid vakke in die primêre skool steeds toegeneem. Die T.O.D. was van mening dat die beskikbaarheid van sulke apparaat "... 'n wesentlike verskil behoort te maak aan die voorstelling wat die kind vorm van duisend dinge waarvan hy vroeër net kon hoor of lees".⁵⁷⁾ Inmiddels is 'n interessante proefneming onderneem deur klankbaanopnames en kleurfotografie (op strookfilm) as 'n "gekombineerde" hulpmiddel vir die onderwys voor te berei. Uit die staanspoor was hierdie leermiddel besonder gewild by skole en kon die aanbod bykans nie in die aanvraag voorsien nie.⁵⁸⁾ Die oorsese beïnvloeding op oudio-visuele onderwysapparaat wat op die totstandkoming van so 'n plaaslike produk uitgeloop het, moet waardeur word, veral as die gebruik daarvan vir die kind "duisend dinge" kan opklaar.

5.4 Waardering

57) Ibid., p. 22.

58) T.O.D.: Jaarverslag, 1959-12-31, p. 11.

Die "nuwe" klank en beeld wat oudio-visuele hulpmiddels gedurende die 20ste eeu in verskeie oorsese onderwysstelsels gebring het, het deur beïnvloeding van buite ook sy neerslag in die Transvaalse primêre skole gevind. Teen die jaar 1960 kon elke primêre skoolkind in Transvaal - selfs op die mees afgeleë plaasskool - deur middel van dié moderne oudio-visuele apparaat onderrig word.